

26 September 2021

FAMILIE TUISBLAD



Jakobus 5: 13-20

Gebed

Het jy 'n vriend met wie jy lekker kan gesels, sommer oor enige iets? Jy kan sê as dit sleg gaan, maar jy kan ook jou goeie nuus deel. Jy kan vra vir hulp, want dié vriend is altyd bereid om te luister of om jou te ondersteun. Dit is heerlik om in daardie persoon se geselskap te wees, want jy weet jy kan jousef wees en enige geheime met hom/haar deel. Met só 'n vriend kan jy ure lank gesels, maar ook soms net rustig sit sonder om te praat. Gebed is om só 'n gesprek met Jesus te hê, maar dit is soms ook vir ons moeiliker, omdat ons nie vir Hom kan sien of Hom kan hoor soos met 'n mens-vriend nie.

Iemand het eenmaal vir my 'n akroniem gegee vir die woord 'gebed' wat ons help om te onthou waaroor gebed gaan: G – **gee** jousef vir die Here, E – bid oor **enige iets** in **enige plek**, B – wees **bereid** om te verander, E – **ervaar** God se teenwoordigheid, D - wees **dankbaar**. Kom ons gesels saam oor die advies wat in die brief van Jakobus staan oor gebed.

Lees: Jakobus 5: 13-20 Die gelowige gebed

Gesels:

- Watter 3 (of meer) tipe gebede noem Jakobus in hierdie gedeelte?
- Vertel van 'n keer wat dit vir jou gevoel het asof jou gebed nie gehoor is nie, en geen krag gedra het nie, en tóg later deur die Here verhoor is.
- Vertel vir mekaar van iets groots of besonders wat in jou lewe plaasgevind het waaroor jy nie anders kan as om 'n loflied tot die Here te sing nie.
- Vertel van 'n geleentheid toe jy vir iemand gebid het wat siek was. Wat het dit vir jou beteken, en wat het dit vir die persoon vir wie julle gebid het beteken?

Bid: Bid oor een ding wat vir jou swaar is, wees bly en loof God oor een ding, bid vir genesing vir iemand en sê vir een ding jammer.

Doen: Hoe sal julle die brief van Jakobus wil onthou? Help mekaar om een ding te onthou waaroor elke hoofstuk gaan en skryf dit neer. Memoriseer daarna een teksvers uit dié brief.

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **gebed**, 'n **seilboot** en **Jakobus 5**, deur die **DinkJeug Familie App** af te laai en te gebruik.

Laai die app hier af:

Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>
Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za